GEES van VADER

GEES van SY SEUN

G. J. du Preez 072 1876 076

Die Gees van VADER en die Gees van SY SEUN (*In liefde*)

Die Skrif wat ons het is daar vir ons om te leer en te bestudeer. Baie vrae kom na vore met studie, somtyds is dit moeilik om sekere begrippe te verstaan. Daarom wil ek die Rein Gees of Geeste aanraak in die Skrifte.

As jy weet dat daar 'n VADER en 'n SEUN is, en dat daar net dié Twee WESENS is wat met die mens te doen het, weet jy reeds baie. Dat daar 'n Gees in elk van hulle is moet ons nou ondersoek sodat ons weet met watter Gees YAH of VADER HOMSELF vereenselwig. Nêrens in die ganse Skrif sal jy lees dat die Gees van VADER of SEUN aanbid of mee gekommunikeer mag word nie. So het VADER of YAH (Seun) nie eenmaal met dié Afgesonderde Gees gepraat nie.
Die gees in die Skrif word as "ruach" deurgegee. Ruach, wat gees beteken, beteken ook wind of asem. Ruach kan ook die krag wees wat binne in wind of asem is (Krag van VADER). As jy die Skrif bestudeer sal jy sien dat ruach uitgestort, gedeel, gestuur of weggeneem word. "Ruach ha qodesh" word gesê dat dit die Gees van VADER is en daarom moet ons dit ondersoek tot opbouing oor die saak rondom ons KONING.

Om die "ruach" eerstens aan te raak moet ons dit tot in aanskouing bring. Kom ons gaan na 'n skrootwerf waar baie metale gehanteer word. In die skrootwerf gebruik hulle 'n kraan met 'n groot ronde magneet om metaal voorwerpe op te tel en te skuif. Met die druk van 'n knoppie of twee tel die kraanbestuurder die metaal op (*so ook om die metaal neer te gooi*). Die aan en af skakel van elektrisiteit in die metaal wiel wat aan die kraan hang (*wat die metale optel*) veroorsaak magnetisme in daardie wiel en daarbenewens met af en aan-skakeling van die krag kan dit voorwerpe optel en neersit. Magnetisme is dus 'n onsigbare aantrekkingskrag wat nie materialisties is nie. "Ruach" wat in asem of wind teenwoordig is, is onsigbaar, on-materialisties en kragvol. "Ruach", bring die siel in roering (*begerig*) en wek krag binne in jou. "Ruach" is die Krag binne in die "asem".

Ons gaan oor na "Qodesh". Met ondersoeke na die misterieuse woord praat almal rondom die woord of so nie voeg hulle allerhande by-woorde by om 'n ander betekenis te gee as wat dit werklik moet wees.
"Qodesh" beteken: Apartheid, Geheimenis, Afsonder of Afgesonderdheid. Om te sê dat "Ruach ha–qodesh" VADER se Gees beteken, is nie die volle waarheid nie. "Ruach ha–qodesh" behoort aan VADER en SEUN. "Ruach ha–qodesh" beteken dus VADER se Afgesonderde GEES of YAH (*SY Seun*) se Afgesonderde GEES. Die hoekom en waarom gaan ons nou na kyk en ook sien dat dit net aan VADER se afgesonderde (*uitverkore*) volk behoort.
Die "ha–qodesh" is 'n rassisties woord wat net vir die uitverkore rasegte is. Die "Ruach ha–qodesh" van YAH is in Adam geblaas, nie net asem nie, maar dié krag in die asem ook.

Adam was die eerste wese wat die "apart / afgesonder" Gees ontvang het, en so het sy nageslag dit ontvang (*Mal.2:15*). 'n Voorbeeld om "Ruach" te verstaan kan jy in Luk.17:6 lees waar geloof baie belangrik is (*ek moet eintlik noem dat geloof moet oorgaan in "**weet verseker**"*).

Nou dat ons weet wat beide die woorde beteken kan ons oorgaan in waar en hoe om "Ruach ha qodesh" in te pas. Die Gees van ons SKEPPER en die Gees van VADER lees ons sowat 300 keer in die Ou Verbond en slegs 3 keer oor die Afgesonderde Gees (*Waarvan ek voel dat daar 'moedswillige' vertalings fout ingekom het oor die 3 keer van die "Afgesonderde GEES"*).
Die "GEES van ons SKEPPER" kom alreeds in Gen.1:2 voor en waarvan dié GEES wel ook regdeur die Skrif voorkom. As jy studie doen oor die GEES van ons SKEPPER sal jy sien dat die GEES gewoonlik "op of oor" die mens kom. Die "GEES van YAH" in die Ou Verbond kom gewoonlik in die mens voor en wel hier en daar op of oor die mens.

Die Afgesonderde GEES is 'n "Nuwe Verbond" term. Skrif studente sal natuurlik die verskil van "GEES" benaming toegee aan Ou en Nuwe verbond skrywers. Die 'Ou Verbond' was in Hebreeus /Aramees en die Nuwe in Grieks. Ek kan ongelukkig nie saamstem nie, want die Romeine of die Grieke het hul eie gode aanbidding, en so het die *Yashar'EL* hul eie. Elk van hulle het hul eie skrifte in hul eie taal gehad, waar die Jode wel die *Yashar'EL* Skrifte geassimileer het en geprobeer het om dit in die Griekse mitologie in te werk *(Wat hulle wel reggekry het met die Rooms / Latyns)*. Dit eers daar gelaat.
Die "GEES van YAH" is die GEES van **Wysheid, Verstand, Raad, Sterkte, Goed, Kennis, Strafgerig, Uitdelging, Vrees** en **Guns**.
So kan ons ook sê van die GEES van VADER.
Dié GEES van afgesonderdheid het 'n besondere funksie of betekenis by gekry. YAHUSHA het dit duidelik gestel in Joh. 7:*39 En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo;want die~~Heilige~~ Afgesonderde Gees was daar nog nie, omdat ~~Je*us~~ YAHUSHA nog nie ~~verheerlik~~ verhef was nie*. Joh. 14:17 *die Gees van die waarheid wat die <u>wêreld</u> nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees (*Net vir die afgesonderde).

VADER se geskepte en welbehae GEES is"YAHUSHA".Dit is soos die "boom van die LEWE in die tuin. Die boom is nie die LEWE nie, maar behoort aan die LEWE. M.a.w. die boom is 'n boodskapper wat aan die LEWE behoort. Daar is twee verskillende wesens in die tuin waarvan die LEWE / "VADER" die besitter is van die boom.
VADER besit ontelbare geeste wat ~~engele~~ boodskappers en gerubs insluit. VADER het vir YAH gegenereer (*geskep laat voor kom*) as Eersteling, waarvan VADER, YAH oor SY Skepping gestel het "onder andere oor SY geeste". Daarom kan ek sê: YAH is dié HEERSER oor die geeste van VADER.

YAH(Seun van VADER)woon in die geestelike realm en het na ons gekom as YAH-U-SHA. Hy het opgevaar en weer daardie lofwaardigheid ontvang wat HY gehad het voor Sy besoek aan ons (*SY uitverkore*) Joh.17:5.

Nou kan ek ook sê dat die "AFGESONDERDE GEES" verteenwoordig YAHUSHA. Hoekom? Joh. 17:8 *Want die woorde wat U MY gegee het, het EK aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang en waarlik erken dat EK van U uitgegaan het, en hulle het geglo dat U My gestuur het.* Joh. 17:9 *Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort.* Matt.10:6; 15:24,26 ; 19:11,28; 25:32,34; Joh.17:8,9; Open.7:4.
Nou weet ons dat die groot verborgenheid van die Afgesonderde Gees "YAHUSHA" is. HY is die "AFGESONDERDE" vir die afgesonderdes. HY het SY GEES oor SY dissipels geblaas nl.: Joh. 20:22 *En nadat HY dit gesê het, blaas HYop hulle en sê vir hulle: Ontvang die~~Heilige~~ Afgesonderde Gees.* Met YAHUSHA se "Ruach-ha-qodesh" binne ons, is VADER met ons. In Joh. 13:20 lees ons ... *"ontvang MY; en wie MY ontvang, ontvang HOM wat MY gestuur het"*. Ons moet besef dat YAH altyd VADER verhoog, want Joh.13:16 sê: "*die EEN wat MY gestuur het is groter as EK*".

VADER en SY SEUN (*binne jou*)

*1 Joh. 4:9 Hierin is die liefde van ~~God~~ VADER tot ons geopenbaar, dat ~~God~~ VADER SY eniggebore SEUN in die wêreld gestuur het, sodat ons deur HOM kan lewe. 4:6 Ons is uit ~~God~~ VADER; hy wat ~~God~~ VADER ken, luister na ons; 4:7 Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit ~~God~~ VADER, en elkeen wat liefhet, is uit ~~God~~ VADER gebore en ken ~~God~~ VADER. 4:2 Hieraan ken julle die GEES van ~~God~~ VADER: elke gees wat bely dat ~~Je*us Christus~~ YAHUSHA dié Nasaréner in die vlees gekom het, is uit ~~God~~ VADER; 4:13 Hieraan weet ons dat ons in HOM bly en HY in ons, dat HY ons van SY GEES gegee het. 4:14 En ons het aanskou en ons getuig dat die VADER die SEUN as ~~Ver~~ Losser van die wêreld gestuur het. 4:12 Niemand het ~~God~~ VADER ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly ~~God~~ VADER in ons en het SY liefde in ons volmaak geword. 4:17 Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos HY is, is ons ook in hierdie wêreld.*

VADER is LIEFDE, so ook SY GEES wat YAH dié HEERSER oor die geeste is. Openbaring van SY liefde was / is SY SEUN wat lewe skenk. Net biologiese seuns kan luister. Die wat dié SEUN bely is waardig om "van" VADER se GEES te ontvang (*Dus uit latentheid te ontwaak*). Aanskoulik is die GEES van VADER, maar nie vir die wêreld nie, tog is ons die spieëlbeeld van YAHUSHA vir VADER in hierdie wêreld. Ons as indiwidu staan voor VADER, waarvan HY SY GEES in elk indiwidueel geplaas het met geboorte.

Daar is nie verskillende geeste in SY uitverkore nie, maar almal dieselfde Gees. Hoekom? Want dit behoort aan VADER (Pred.12:7). Liefde wat in Joh. 15:10 uitgewys word, word baie misbruik nl.: *As julle MY gebooie bewaar, sal julle in MY liefde bly, net soos EK die gebooie van MY VADER bewaar en in SY liefde bly*. Die mens op aarde word deur Ha satan en sy magte verwar met woord en daarom moet daar altyd versugting intree veral as daar vreemde woorde intree wat nie in jou taal is (*Latyns,Grieks, Hebreeus, ens.*) soos die woord "Agape" bv. Agape is gekoppel aan liefde wat gespeel en misbruik kan word (*liefde wat was en nie meer is nie*). Dit word gekoppel aan verlange aan een wat bv. dood is. Agape word in rituele bespeur tot in die jongste eeu (*vandat daar 'n eerste mens in daardie okkult gesterf het*). Sommige gelowe het Agape, Agapae gespel. Agapae was / is gekoppel aan musiek en 'n klomp vulgêrheid rondom 'n dooie.
Die gebruiklike doel rondom Agape is om die mens wat na 'n afgestorwe se begrafnis kom gelukkig te maak soos om musiek te maak, ook om te dans en 'n fees te hou (*drank is teenwoordig*). Die oorledene moet eers gesalf en gekroon word met rose, so ook moet die gaste (*besoekers*) gesalf word. Wyn en melk word rondom die graf gestort en kosse word gegee aan die lyk van die oorledene. Agape is dus 'n 'onsienlike gees' aanbidding. Agape is 'n aangenome tradisie van die Grieke wat sê: "Eet, drink en wees vrolik", kyk na die dansers en luister na musiek, want die dooie self spreek (*Die Jode noem dit die broederlike fees*). Agape het sy ontstaan rondom Nimrod era gehad wat onder die naam "marzeah" geken was. "Marzeah" het 'n verband met die antieke Kanaänitiese stad Ugarit (moderne Ras Shama) op die kus van Aram. Die "marzeah" se doelstelling was dat daar 'n eenheid in geloof moet wees, en daarom die sodanige innerlike liefde "Agape" (*een god, een taal en een geldstelsel vir almal "illuminati" wêreldheerskappy*). "Agape" wat eintlik 'n kultus is (Wat die Christendom geassimileer het) behoort aan ander volke en nie by die uitverkore volk van VADER nie.
Ek sluit oor "Agape". Nêrens in die skrif sal jy die naam "Agape" kry nie. Aan die *Yashar'EL* se kant was dood nie gesien as die einde van die mens nie, maar eerder as die begin van 'n nuwe afgesonderdheid. Vir dié van julle wat verstaan en verseker weet lê daar 'n toekoms anderkant die dood. Besef dat die dood die middelpunt is wat 'n oorgangstyd van einde na die begin is (*Einde van die tydelike bestaan en begin van die ewige*).

Met die laaste Pasga het YAHUSHA vir ons iets daar gelaat wat belangrik is in Matt.26:28 … "Dit is My bloed" en "Dit is My liggaam". M.a.w. as ons daarvan eet en drink word ons deel van die Liggaam en Bloed van HOM. YAHUSHA impliseer dat hulle wat voor Hom sit "Word Myne" word deel van "MY Bloed" en "MY Liggaam". *Joh. 6:58 … wie hierdie brood eet, sal tot in ewigheid lewe. Matt. 12:49 En Hy steek Sy hand oor Sy dissipels uit en sê: Dáár is My moeder en My broers. :50 Want elkeen wat die wil doen van My VADER wat in die hemele is, dié is My broer en suster en moeder.*

Met afsluiting moet ek noem dat die dag toe jy gedoop was deur 'n broer in dié NAAM van YAHUSHA was jy innerlik rein en oopgemaak vir die verborge skat van die "Afgesonderde Gees" wat onsigbaar lê en wag .
(1) Met handoplegging en gebed word jy gedoop / gewas van oortredinge.
(2) As nuweling sal jy 'n vuurdoop van VADER ontvang. HY gaan jou toets en beproef en kyk of jy waardig is om deel te kan uitmaak as bruid vir SY Seun.
*Hand. 8:15-17 Húlle het afgekom en vir hulle gebid, dat hulle die ~~Heilige~~ Rein Gees mag ontvang, :16 want Hy het toe nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in die Naam van ~~die Here J*sus~~ YAHUSHA dié Gesalfde:17 Hulle het hul toe die hande opgelê, en hulle het die ~~Heilige~~ Rein Gees ontvang (*Duidelik lees ons dat hulle gedoop was in dié Naam van "YAHUSHA" en nie in die Naam van VADER nie; Ook nie in die Naam van die Gees nie! Lees gerus die verse in.: Hand.2:38; 8:16; 10:48; 19:5;ens.). (3)Daar was gebid dat hulle die Afgesonderde Gees kon ontvang(*en dit wel ontvang het*).Ek kan ook noem dat die ontvangs van die Afgesonderde Gees gestop het met die sterwe van die apostels; Daardie Gees gevulde het kragte soos Simson ontvang, van plek tot plek gemanifesteer, dooies opwek, het groot wysheid ontvang, ens. Nou vra ek of jy so iemand vandag ken wat in al die gawes voldoen?
Nee my vriend daar is tans niemand op aarde wat daarin kan voldoen nie. Ons (*uitverkore*) troos om van "bo geboorte" te kan ontvang staan in Joh.1:13; 1Joh.3:9; 4:7; 5:1,4,18 onder die stelling: "uit ~~God~~ VADER gebore" Daardie geboorte sal wel ontvang word in die 1000 jaar van vrede. Die geboorte van bo is 'n vereiste gaan deel wees van die nuwe verbond (*huwelik*) met die intrede van die 1000 jaar Joh.3:3. In *Joh. 14:8-11* staan: *Filippus sê vir Hom: ~~Here~~ Meester, toon ons die VADER, en dit is vir ons genoeg. :9 ~~J*sus~~ YAHUSHA sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die VADER gesien. En hoe sê jy: Toon ons die VADER? :10 Glo jy nie dat Ek in die VADER is en die VADER in My nie? Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die VADER wat in My bly, Hy doen die werke. :11 Glo My dat Ek in die VADER is, en die VADER in My; of anders, glo My ter wille van die werke self.* Wat sê YAHUSHA in beginsel wat verstaan moet word: VADER as dié 'lewegewende', is 'n onstoflike element in die mens wat die mens denkend, voelend en willende wese maak; Dat VADER gesamentlike-menings denkwyse en beginsels in gesindhede gee waardeur jy as persoon met HOM gekenmerk kan word. Ja, YAHUSHA wil geesgenote hê met dieselfde denkrigting en sienswyse as Hy tot VADER. Om VADER of SEUN te toon is om uit te straal in die woorde van bo.

Gaan en laat jou doop/was om vlekloos voor VADER te staan. Doop jou in die Naam "YAHUSHA" ' want dan is jy ontvanklik vir dié Geboorte van Bo. Die "REIN en Aparte GEES" van VADER is YAHUSHA (Luk.1:35). Laat jou wil VADER se wil wees. Toon VADER en SEUN aan jou mede broer in gees en in waarheid. *Bedink dit*